

11 Julie

Psalm 16, (Teks: 16:8)

Balans

Hoe behou 'n arme mens balans in hierdie lewe?

Daar is soveel struikelblokke op jou eensame weg wat jou ewewig versteur. Dink net: Siekte, smart, dood, sonde! Kyk rondom jou; daar lê hulle in die stof van die aarde, mense wat balans verloor het, neergestort, O! so stukkend gebreek in hulle menswees.

Hoe kan 'n swakke mens balans behou in die mengelmoes van ontwrigting van hierdie lewe?

Eenling: 'n Eenling vorder tog so moeilik op sy lewensreis. Alleen word die pad so oneindig smal en donker, so baie, baie bang. As jy maar iemand kon hê wat saam wou stap, saam wou huil, saam kan kommer, saam wou lag. Dalk 'n skouer om op te leun, 'n hand om aan vas te gryp, 'n hart wat verstaan. Dan word dit draaglik, jou voetstap maklik en vas, die struikeling minder. Twee tesame hou makliker balans.

Metgesel: Oneindig makliker, ewewigtig, kan jy ook jou moeilike reis voleindig as God jou metgesel is. God is groot! God is sterk! God is onwankelbaar! God het lief! Ag, hoe heerlijk! Weet jy God wil met jou saamgaan! Jou metgesel wees. Reeds het God na jou gekom om in jou plek die bittere pad van die kruis en hel en dood te loop!

Hy het nooit gewankel nie. Hy sal nie wankel nie. Hy kan nie wankel nie. Ook nie in dieptes van helse verlatenheid nie. O, hoe wonderbaar magtig is Hy nie.

Wil jy balans behou? Stel Jesus dan altyddeur voor jou!

Dit is jou verantwoordelikheid. Wees gehoorsaam aan die eis van sy Woord. Antwoord op sy roepstem wat elke dag tot jou kom deur die Woord en die natuur! Lees jou Bybel! Bid! Gaan kerk toe! Gee om vir jou naaste! Bekeer jou van jou sondaarsweg!

En jou wins?

'n "Metgesel" wat jou verstaan tot in ewigheid.

Sing: Psalm 16:4

Ds. J. Marais (Nigel)